



**NG Gemeente, Rietfontein-Suid, Pretoria**  
**Taakspan vir Kinders: Junior Kategese & Kleuterkerk**



**Sleutels vir Lewe**

**SLEUTEL 4 - Nederigheid**

**Lukas 9:23 As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis dra en My volg**

**Die wêreld sê:**

Glo in jouself. Doen wat jy lus het en hoe jy wil.

**Jesus sê:**

As jy Sy kind wil wees, moet jy Hom volg.

**Besprekingspunte**

Die wêreld sê jy is koning van jou eie lewe.  
Jy weet die beste en kan almal rondom jou se lewens uitsorteer.  
Jy het beheer oor jou sukses of mislukking en niemand kan by jou kers vashou nie.  
Gevolge daarvan dat jy hoogmoedig is: Die dood in die hel

Jesus sê dat ons genade aan ander moet betoon en nederig wees.  
Ons moet nie rondloop en 'brag' met als nie, want ons weet nie alles nie. Weet jy hoe die sterre en planete elkeen in hulle bane bly? Of hoe jou selle en DNA gemaak is? Net God weet alles.  
Die beste is om te luister na en te leer van die Een wat alles weet en kan maak.  
Gevolge daarvan dat jy nederig is: 'n Hemelse feesmaal saam met God!

**Storie: Daniël, Sadrag, Mesag en Abednego se weiering om verkeerde kos te eet**

**Iets om huis toe te neem**

Maak 'n collage van prentjies van lekker kos.  
Ek gaan eendag in die hemel eet!

**Elke week**

Sleutels sluit iets oop ... Byvoorbeeld: Slotte, deure, kluipe, hekke, motors, skatkis, ens.  
Dit verteenwoordig keuses waarvoor jy te staan kom in die lewe.  
Jy het die keuse watter sleutel jy in die lewe gebruik om wat oop te sluit. Dit bepaal waarheen jy gaan, wat jy ontdek en die gevolge van jou keuse.

**Jesus se Sleutels vir Lewe verskil van die wêreld se sleutels.**

Wie is die wêreld?  
Dit is nie net onbekendes nie. Dit is ook ons maats of vriende, partykeer grootmense wat ons leer ken. Eintlik is dit almal wat nie mooi verstaan dat Jesus se Sleutels vir Lewe anders is nie.

Wat is sonde?  
Enigiets wat Jesus se hart seermaak.

**Alles vir God se goedkeuring en glimlag!**